

DIE OOMPIE DOOMPIE- GESIN



BENODIGDHEDE: Oorskiet-dubbelbreigaring, klein stukkies vilt vir gelaatstrekke; wasbare vulsel; kort stukkies smal band, galon en kantjies; 'n paar elk breinaalde van 3,75 mm en 5,5 mm.

MATE: Elke speelding is ongeveer 18 cm hoog sonder die beentjies.

SPANNING: 16 steke is 10 cm breed, met 5,50-mm-breinaalde en dubbelbreigaring dubbel gebruik.

Let Wel: Die dubbelbreigaring word dubbel gebruik vir die lyfies, arms en beentjies; dit word enkel gebruik vir die lusringe van hare en rompe. Die eerste aanwysings is vir die basiese vorm van die speelgoed en daarna volg aanwysings vir die variasies van elke speelding.

Werk al die gelaatstrekke en galon met gewone naagaring in posisie vas.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; alt - alternatiewe; vermeer - vermeerder; vermin - verminder (deur twee steke tesame te brei); beg - begin; rs - reksteek; ks - koussteek; A - kleur van onderste deel van lyf; B - kleur van middelste deel van lyf; C - kleur van kop; D - kleur van skoene; E - kleur van hare; beg - begin; vlg - volgende; oorbl - oorblywende.

LYF (algemeen, begin aan onderkant): Met benodigde garing dubbel en 5,50-mm-breinaalde, stel 6 ste lossies op en brei soos volg:

1e ry: Deurgaans r, vermeer in elke st — 12 ste.

2e ry: Deurgaans aw.

3e ry: Deurgaans r, vermeer in elke st — 24 ste.

Beg met 'n aw-ry en brei 3 rye ks.

Vlg ry: Deurgaans r, vermeer in elke st — 48 ste.

Brei 7 rye ks.

Streep in middel van lyf: Knip A af en heg B dubbel vas — slegs wanneer feetjie gebrei word, moet met A voortgewerk word — en brei 6 rye ks met B.

KOP: Knip garing af, heg C dubbel vas, d.w.s. naaswit, donkerbeige of pienk, afhangend van watter speelding gebrei word — en brei 4 rye ks.

Vlg (vermin) ry: r 5, *r2 tes, r 10; herh van * nog 2 keer, r2 tes, r 5 — 44 ste.

Brei 9 rye ks.

Vlg (vermin) ry: r 4, *r2 tes, r 9; herh van * nog 2 keer, r2 tes, r 5 — 40 ste. Brei 3 rye ks.

Vorm bokant van kop: 1e (vermin) ry: *r 2, r2 tes; herh van * tot einde — 30 ste.

2e en alt rye: Deurgaans aw.

3e ry: *r 1, r2 tes; herh van * tot einde — 20 ste.

5e ry: *r2 tes; herh van * tot einde — 10 ste.

7e ry: *r2 tes; herh van * tot einde — 5 ste.

Knip albei drade af, maar laat 'n lang stuk aan albei en ryg dit deur die oorbl ste. Heg stewig af.

ARMS (eenders): Begin by bokant van arm met 2 drade van dieselfde kleur as middel van lyf en 5,50-mm-breinaalde. Stel 12 ste op en brei 8 rye ks.

Brei hier slegs 4 rye wanneer feetjie gebrei word.

Knip garing af, heg 2 drade van dieselfde kleur as die kop vas en brei 6 rye ks — maar brei hier 10 rye ks vir die feetjie.

Vlg (vermin) ry: *r2 tes; herh van * tot einde — 6 ste.

Knip albei drade af en werk af soos bopunt van kop.

BENE (eenders): Beg aan bokant van bene met 2 drade van dieselfde kleur as onderste deel van lyf — gebruik hier 2 drade van dieselfde kleur as die kop wanneer die feetjie gebrei word — en met 5,50-mm-breinaalde stel 14 ste op en beg met 'n r-ry brei 16 rye ks.

Knip albei drade af en heg 2 drade van kleur vir skoene vas, brei nog 8 rye ks.

Vlg (vermin) ry: *r2 tes; herh van * tot einde — 7 ste.

Knip garing af, maar laat 'n lang stuk aan albei drade. Ryg dit deur die oorbl ste, trek

NA BLADSY 82

DIE OOMPIE DOOMPIE- GESIN

VAN BLADSY 81
stewig vas en heg af.


AFWERKING VAN BASIESE FORM:
Werk al die nate met agtersteek aan ver-
keerde kant toe en gebruik slegs een draad
dubbelbreigaring.

Ryg 'n draad deur al die opstelsteke van
lyf, trek stewig vas en werk af. Werk daarna
die lyfnaat toe, maar laat 'n klein opening by
kop om werk om te dop. Dop om, stop goed
op en werk opening dan toe — let op dat dit
in middel aan agterkant van speelding sal
wees.

Vou elke arm oorlangs dubbel en werk
naat toe, maar laat opstelrand oop. Dop om
en stop op. Werk daarna bokant toe. Werk
een arm aan elke kant van lyf in posisie vas,
aan weerskante van middelste streep van
lyf. Werk beennate nes arms toe. Stop
onderste deel stewig op, maar boonste deel
slegs liggies en werk bonate toe (naat van
been moet in middel agter val). Werk bene
aan lyf vas sodat bokant van bene twee rye
bokant laaste vermeerderingsry aan onder-
kant van lyf val.

PIET DOOMPIE

AFWERKING: Knip oë, pupille, neus en
wange van vilt met behulp van patrone.
Werk neus in posisie vas, 3,5 cm bokant



WARE GROOTTE-PATROONVIRGELAATSTREKKE

streep in middel van lyf. Werk pupille aan oë
vas en daarna oë aan kop soos aangedui.
Borduur met 'n enkele draad dubbelbrei-
garing 'n klein V-vormige mond van ongeveer
2 cm, bokant streep in middel van lyf. Werk
garing onder een van viltwangetjies vas,
waar dit versteek sal wees, en heg dit af waar
ander wang sal kom. Werk daarna wange in
posisie vas.

Hare: Maak eerste ry lusse vir hare soos
volg:

1e ry: Met 'n enkele draad garing van kleur E
en 3,75-mm-breinaalde stel 50 ste op.

Vlg ry: r 1, *steek naald regsgewys in vlg st,
plaas voor- en middelvinger van linkerhand
agter steek, draai garing dan 4 keer links om
rondom naald en vingers, trek al 4 die lusse
deur; herh van * tot 1 st oorbly, r 1.

Vlg (vermin) ry: r 1, *r 4 tes, en trek lusse af
soos jy vorder.

Herh van * tot 1 st oorbly, r 1 — 50 ste.
Heg af.

Werk uiteindes van lusse aanmekaar om
'n ring te vorm. Maak nog 3 sulke lusringe
met 40 ste, 30 ste en 10 ste. Werk al die
lusringe aan die kop vas, begin by die
grootste en eindig met die 10-st-ring aan
boonste punt. Bind 'n strikkie met 'n ge-
draaide stuk garing en werk dit voor vas
soos op foto gesien kan word.

GRIET DOOMPIE

Maak gesig soos Piet Doompie s'n.

Knip vir hare 'n bol van kleur E in stukke
van ongeveer 50 cm. Werk 'n paar garing-
lusse aan voorkant van kop vas om 'n
gordyntjekop voor te stel. Knip 'n stuk band
van 14 cm lank en stik middel van elke stuk
garing aan band vas om dit tot 1 cm vanaf
rand te bedek. Vou eindpunte van band weg
en plaas band oorlangs oor kop soos 'n
verdeling in middel, met band teen kop.
Werk band en garingdrade nou aan kop vas.
Wat garing aan weerskante van kop saam,
vleg en strik dit met stukkies gedraaide
koord vas. Knip garingpuntjies gelyk.

Met dieselfde kleur as middel van lyf en
3,75-mm-breinaalde, stel 70 ste op vir romp.
Brei op dieselfde manier as Piet Doompie se
hare, maar draai garing om drie vingers in
plaas van twee. Werk romp aan speelding
vas by onderste rand van streep in middel
van lyf. Maak weer 'n strik soos vir Piet

Doompie uiteengesit is, en werk dit vas.

VET FEETJIE

Die gesig word soos Piet Doompie s'n
gemaak en romp en hare soos Griet Doompie
s'n, maar knip dan slegs garingpunte
gelyk sonder om dit te vleg. Werk galon of
ander kantafwerking om lyf en mourande
vas, soos op foto gesien kan word. Maak 'n
lusring soos Piet Doompie se onderste
(grootste) lusring, gebruik kleur A, maar
draai garing om een vinger in plaas van twee.
Werk aan kop vas soos op foto gesien kan
word.

OUMA DOOMPIE

Die romp is dieselfde as Griet Doompie
s'n. Vorm hare op dieselfde manier as dié
van Griet Doompie, maar knip stukke garing
van 60 cm, vleg dit en draai vlegsels dan in
twee bollatjies, steek punte weg en werk
bollatjies aan kop vas. Maak neus, mond en
wange soos Piet Doompie s'n, maar knip
slegs swart pupille vir oë en werk dit vas.
Werk kantjies om lyf en moue vas soos vir
vet Feetjie. Maak 'n strikkie en werk dit vas
soos Piet Doompie s'n.

OUPA DOOMPIE

Maak gesig soos Ouma Doompie s'n.
Maak eerste ry haarlusse soos Piet Doompie
s'n, maar met 50 ste. Moenie 'n ring daarmee
vorm nie, maar plaas dit agterlangs om kop
van kant tot kant. Maak 'n tweede ry
haarlusse met 40 ste en werk dit net bokant
eerste ry lusse vas.

Gebruik vir elke wenkbrou 'n enkele
draad van kleur E en 3,75-mm-breinaalde en
stel 5 ste op. Brei 2 rye en heg af. Werk
wenkbrou in posisie vas.

Maak 'n snor op dieselfde manier as Piet
Doompie se hare, maar met 6 ste en garing
word slegs om een vinger gedraai. Moenie
verminderingstry brei nie, knip garing net af
en ryg dit deur oorblywende ste. Werk
stewig vas en werk snor daarna onder neus
vas.

Die das word met dubbele garing van
gekoosde kleur en met 5,50-mm-breinaalde
gebrei. Stel 3 ste op en brei 46 cm reksteek.
Heg af en werk das in posisie vas soos op
foto gesien kan word.

Watter ligte, kleurvolle breigare
wat presisie-gespin is, sal nie krimp
in die reën of verbleik in die son?



Watter ligte, kleurvolle,
fatsoenlike breigare
bly kleurvas?

